





DIE K.G. BRING HULDE AAN POLITIEKE GEVANGENES

Hulde is deur die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede week in Pretoria gebring aan die politieke gevangenes, toe drie van die vrygelatenes feestelik deur hul kamerade ontvang is. Nege ander, wat ook uitgelaat moes word, se loslating is deur die tronkowerheid vertraag. (Kyk ook berig op bladsy twee).

Die K.G. het beklemtoon dat daar eintlik vanaand twee gebeurtenisse genoem kan word, waarvan die een uniek in Suid-Afrika se geskiedenis is en die ander 'n alledaagsheid. Hy sal

die alledaagse eerste noem: die regering het weer nie woord gehou nie.

Vir Vier Vryhede het die regering glo geveg. Een daarvan is blykbaar die vryheid om jou woord te breek; die ander drie bly voorlopig onbekend.

Verder wil spreker die gehoor wat dalk onder die indruk mag verkeer dat aan die politieke gevangenes een of ander spesiale genade getoon is, ont-nugter. Een kwart remissie is aan alle gevangenes toegestaan, wit, swart en gekleurd. Maak nie saak of dit 'n man is wat uit republikeinse oortuiging met die Union Jack se handlangers gebots het en of dit 'n Kaffer is wat êrens op die platteland 'n blanke dogtertjie aangerand het nie. Almal oor een kam... die kaffer-woest-aard wat voor 'n jurie was en die student wat deur 'n spesiale hof luidens noodregulasies verhoor en gevonnissen is.

GEEN GENADE

„Julle vier kamerade het geen genade ontvang, soos julle ook geen genade gevra het nie. Julle het die stryd volstry tot die einde toe en julle skuld die vyand niks en nog 'n keer niks. Tot die einde toe, tot die laaste dag toe, het hulle nog dit so bedissel dat manne wat aangesê was om uit te gaan, weer aangesê is om nog enige weke te bly... daarom dat Mischa Slabbert, Frikkie Venter, Boeta Fourie, Wessel Cronjé, Ben Botha, Vale Ferreira en Dirk Coetzee se stoele vanaand leeg staan as herinnering aan hul samesyn... in die gees!”

Om op die tweede kenmerk van vanaand se samekoms te kom, wat dit uniek maak in die geskiedenis van ons land: Hier het jy onder hierdie honderde aanwesiges twee seksies — die gaste en die eregaste aan wie hulde vanaand gebring word. Onder die een klomp het mens professore van die Universiteit, predikante, amptenare, boere, werkers, dames, advokate, prokureurs... selfs 'n verdwaalde oud-Administrateur... en onder die ander seksie het jy vier mans wat nou net na jarelange opsluiting uit die land se grootste gevangenis kom en wat van roof, sabotasie, aanranding en wat dies meer sy skuldig bevind is. En diegene wat hulde betuig, is nie die gevangenes aan die burgerlike kring nie... nee, al die (Vervolg op bladsy 2)

SPEKULANTE EN LEEGLOPERS ONDER „VAKMAN“-IMMIGRANTE Russiese Vakbondleier Ook Beklee Met Burgerskap

Die lys van genaturaliseerde burgers wat deur die staat kragtens wet gepubliseer word, maak grusame leesstof uit vir elkeen wat besorgd is oor die samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking. Ruim driekwart van alle name wat in die lys van 1 Julie 1946 tot 31 Desember 1946 voorkom, is dié van Jode, hoofsaaklik afkomstig uit Oos-Europa. Uit die lys blyk ook dat die oorgrote meerderheid nie vakmanne is nie, maar winkeliers, hoteleienaars, juweliers, ens., terwyl 'n hele paar selfs geen beroep kan opgee nie. Die regering het selfs 'n Russiese „vakbond-organiseerder” met burgerskap beklee!

'n Ontleding van die syfers, soos gepubliseer in 'n buitengewone Staatskoerant, openbaar dat die Unie se grense in die jongste tyd oopgegooi word vir 'n stroom Jode wat wissel van Russiese burgers tot staatlloses. Selfs waar die burgerskap van Wes-Europese lande aangegee word, blyk uit die name dat dit Jode is. So vind ons onder „Hollander” name soos Juda en Joel Barber, onder „Belgies” Marcel Goldstein, en onder „Fransman” De Bailon (voorheen Dreyfus — 'n be-

kende Joodse van). Ver die meerderheid, nl. 120 van die iets oor die 500 nuwe burgers, is van Duitsland afkomstig. Aangesien die regering geen Duitser meer naturaliseer nie, behalwe as hy 'n Jood of 'n verraaier is, kan sonder voorbehoud aangeneem word dat al hierdie 120 nuwe burgers Jode is. Die name bewys dit dan ook, soos blyk uit Max Connor (voorheen Max Cohn), Fritz Israel en Sternheim (gebore Liwinski) — om maar 'n paar te noem.

LITOU

Die tweede sterkste groep is uit Litou afkomstig — van oudsher die Jode-sentrum van Oos-Europa. Onder hulle kry ons name soos Isaac Acherson, 'n Hebreeuse onderwyser, en Abel Firer. Letland staan derde op die lys met 31, waaronder name soos Isaac Aron, Mendelsohn (gebore Abrahams) ens. Agttien Pole, feitlik deur die bank Jode en 15 Russe, desgeliks, bring die totaal van nuwe burgers uit bekende Joodse kolle op 275 — meer as 50 persent van die nuwelinge.

Maar ook uit die Balkan, Palestina en selfs Holland is talle Jode ingevoer en met burgerskap beklee, soos blyk uit Isac Weisz (Roemenië), Max Ladiet (Palestina) en Isaac Samson (Holland). Selfs die enigste immigrant uit Costa Rica is 'n Jood met die naam Nathan Hirth.

Van die 500 nuwe burgers is net 73 vakmanne. Die res is verbonde aan die handel, medisyne, wet, ens. Nie minder nie as 117 is regstreeks betrokke by die handel.

INTERESSANT

Die beroepe maak inderdaad 'n interessante studie uit. Alfred Appel, van „Duitse” afkoms, het die land ingekom as „versamelaar”. Of dit geld is wat hy versamel, word nie presies gesê nie. Julius Goldschmidt kom hom in Suid-Afrika vestig as diamanthandelaar en makelaar, en Isaac Samson ('n „Hollander”) as landskapskilder.

Uit die beroepe van die nuwe burgers wil dit blyk of die Smuts-bewind, nadat hy aangekondig het dat die verdedigingsmag nie meer vir nasionaalgesinde Afrikaners oop sal wees nie, so'n tekort aan vegsmanne het dat hy ook hier „vakmanne” uit die buiteland moet invoer. Morris Slater van Litou, Alexandor Edelstein van Hongarye en Zelik Gershanov van Litou met 'n paar ander het die land binnegekom as „soldate” en sal blykbaar voortaan met Suid-Afrika se veiligheid belas wees, tensy hulle 'n groter toegeneetheid jeens die handel mettertyd ontwikkel. Aan offisiere ontbreek dit te-

wens ook nie. George Torstein Knatten (voorheen Georg Thorstein Hansen-Knatten) se beroep is „hooffoffisier”.

VERBODE BEROEPE

So'n toename het die Joodse bevolking inderdaad in Suid-Afrika ondergaan, dat daar blykbaar selfs onderwysers en predikante ingevoer moes word om in die nuwe behoeftes te voorsien. Twee Hebreeuse onderwysers en een predikant uit Pole (Max Gravitky) bevind hulle vandag onder die burgers van die Unie van Suid-Afrika.

Rusland het ook sy kwota Jode gelever, soos blyk uit „Russe” met die name Michael Benjamin Bolon, Eli Sament en Michael Coleman.

Wat veral interessant is, is die feit dat van hierdie Russe (Vervolg op bladsy 2)

NIE TEENWOORDIG

Die amptelike lys in die Cape Times van gaste wat die koninklike tuifees bygewoon het, bevat ook o.a. die name van genl. en mev. J. de Vos. Genl. De Vos het ons versoek om te ontken dat hy of sy eggenote teenwoordig was. Hulle het wel uitnodigings na die funksie ontvang, maar het dit van die hand gewys.


Veroweraar se Hoon

Toe die reëlings getref is vir die koning se reis deur sy verowerde Suid-Afrikaanse gebied, is die personeel wat hom moes bystaan, „spesiaal uitgesoek”, volgens 'n berig in die Cape Argus.

Die name van die drie Boere-presidente wat die verowering in 1899 daadwerklik beveg het, is inbegrepe in hierdie „spesiaal uitgesoekte” lys. Die koning se trein sal op sy eerste skof bestuur word deur masjinis J. L. KRUGER. In Kaapstad, Bloemfontein, Pretoria en Durban sal die versorging van die koning se etes toevertrou word aan mnr. V. G. REITZ, terwyl hy op die reis deur die Vrystaat vergesel sal word deur dr. C. STEYN as begeleidende minister.

Waarnemers sien in hierdie in die oog lopende feit 'n doelbewuste poging van die veroweraar om die Boerevolk in sy vernedering te hoon.

Noodpogings



Toe die elektriese krag in Engeland afgesny is weens die steenkooltekort, sodat 5 miljoen mense werkloos geraak het, het sommige nywerhede aan die gang probeer bly deur krag op hierdie wyse te ontwikkel. 'n Trapfiets dien as „kragstasie”.

TERUG BY HUL KAMERADE: Losgelatenes Verwelkom

Met groot publisiteit is aangekondig dat daar grootskaalse loslatings van gevangenes gaan wees met die aankoms van die koning. Onder die honderde gevangenes in Pretoria Sentrale Gevangenis is 27 van ons kamerade. Volgens die aangekondigde skaal van remissie sou twaalf man op 22 Februarie uitgekom het. Inderdaad is nege van hulle agtergehou en slegs drie is losgelat. Hulle is M. Prinsloo, G. Vorster en C. Claassens.

Met 'n oog op die verhoopde vryheid van twaalf man het die Pretoria-generaalskap van die Ossewabrandwag 'n groot fees-ete in die Afrikaanse-Koffiehuys gereël. Die saal was so vol as dit kon dra en oor die driehonderd mans en vrouens van Pretoria, die Rand en ander dele van Transvaal (asook 'n sterk Boerejeug-koor) was daar.

Toe verneem is dat daar „onvermydelike vertraginge” met die nege man plaasgevind het en dat hulle nie op die beloofde datum sou uitkom nie — en derhalwe nie by die feestelike teenwoordig sou wees nie — is besluit om hul stoele aan die eretafel leeg te laat as woordelose herinnering aan hul samesyn in die gees.

As vierde eregas Henk Pretorius, wat enige dae tevore uitgekom het en sy stoel langs sy drie kamerade ingeneem het.

'n Groot aantal telegramme is ontvang, waaronder een van die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith.

TRONK VEREDEL

Advokaat Kobie Marais, Generaal van Pretoria, het as voorsitter opgetree en ds. Reyneke van Pretoria-moederkerk, versoek om die verrigtings met Skriflesing te open. Daarna is die gebed deur Ds. J. A. Schutte van die Gereformeerde gemeente, Pretoria-Oos, gedoen en in 'n vrolike gees het die ete sy gang ge-gaan.

Genl. prof. G. Cronjé het beklemtoon dat daar met die aanwesigheid van hierdie politieke gevangenes in die Sen-

trale Gevangenis 'n nuwe en verheve tipe in gekom het wat baie daartoe bygedra het om die lewe en die gedrag van die tronk op 'n peil te bring waarin dit vroeër nie verkeer het nie. Hierdie getuigenis is ten slotte deur di. Reyneke en Schutte, wat die gevangenes in Sentraal onder hul bediening het, ten volle bevestig en met nadruk onderstreep.

NUWE ONDERSOEK

Ds. Reyneke het ook melding gemaak van 'n eiesoortige en wonderlike stuk Bybelondersoek wat die gevangenes gemaak het en waarin elke hoofstuk, vers, woord en letter in die Afrikaanse Bybel aangeteken en getel en volgens lengte gesorteer is. Die resultaat is in 'n skilderagtige reeks tekeninge verewig en hy nooi alle belangstellendes uit om dit in sy Pastorie te kom besigtig.

Die voorsitter het die K.G. gevra om die heildronk op die eregaste — die losgelate gevangenes — in te stel.

Die toespraak verskyn elders. Na die toespraak het die aanwesiges onder luid geroep van „ons kamerade!” die heil van die drie losgelatenes gedrink. Onmiddellik daarop: „Die leë stoele!”

MOEDER

Benewens die drie man is daar as spesiale eregas genooi die moeder van een van die manne met die langste vonnis, wat eers in 1950 (insluitende die huidige afslag) kan verwag om uit te kom. Mev. Van Heerden van Pretoria, moeder van

Kokkie van Heerden, wat 36 jaar tronkstraf (samelopend tot op 15 jaar) gekry het vir besit van springstowwe, ens., is as prototipe van die Vrou en Moeder gehuldig en aan haar is deur mev. Van Rensburg 'n pragtige ruiker namens die aanwesiges oorhandig.

Namens die losgelatenes het Marthinus Prinsloo op die heildronk geantwoord en hulle dank uitgespreek. Hy het beklemtoon dat hulle die stryd geensins as beëindig beskou nie, dog bloot in 'n ander fase oorgegaan. Die kamerade in Sentraal het twee eienskappe opgedoen — 'n diepgaande verbittering teen die vyand vir die vernederende en minderwaardige wyse waarop hulle behandel is — aan hulle is meermale deur amptenare gesê wat te lafhartig was om teen die Duitsers te gaan veg maar wat teen weerlose gevangenes wou grootmoneer speel, dat „julle is laer as die skuim van die aarde, julle politieke gevangenes” — diepgaande verbittering en 'n onwrikbare trou en vasberadenheid om die stryd verder enduit te stry.

LEUENS

Ook al die laster en beswadering wat teen die O.B. geslinger is, hoe hulle, die manne in die gevangenis, deur die O.B. sou „mislui” gewees het en deur die O.B.-Noodhulp in die steek gelaat sou wees... al hierdie infame leuens wou hy as een van hulle en namens hulle vanaand hier loënstraf. Hulle het gehandel met oop oë as deel van die stryd en hulle voel teenoor die K.G. en teen die Beweging, asook teenoor sy Noodhulp, niks anders as trou en dankbaarheid.

Met 'n SJ-salut het Prinsloo van die luidspreker teruggetree.

Tenslotte is aangekondig deur die voorsitter dat die ander manne wat nog moet uitkom en wat deur die teenstander so swaar teleurgestel is, met die viering van die Pretoria-Generaalskap se Vryheidsdag (8 Maart) op Klipkoppies, die eer gedoen sal word wat hulle ook vanaand toekom.

Die verrigtinge is afgesluit met 'n gebed deur ds. J. F. Kruger.

Kos-Invoer Na Duitsland

Die Britse en Amerikaanse besettingsgebiede sal vanjaar byna £130 miljoen se voedsel invoer om die rantsoen op 1,800 kalorieë per dag te hou.

Dit is die kern van die verslag wat oud-pres. Hoover aan Truman sal voorleë nadat hy sy ondersoek van die Duitse voedselsituasie voltooi het. Daar word ook verwag dat Hoover sal aanbeveel dat die nywerheidspeil van Duitsland verhoog moet word.

Volgens die Hoover-verslag is daar sedert die twintigste maande wat die vyandelikhede gestaak is, net in agt maande voldoen aan die voorskrifte van 1,550 kalorieë per dag per persoon.

Die K.G. Bring Hulde

(Vervolg van bladsy 1)

andere, die dienaars van die Woord, die advokate, werkers, professore, dames, boere en wat dies meer sy, kom hulde betuig aan die eregaste, die manne wat „kriminele” veroordelings teen hulle het.

GEEN MISDADIGERS

Of die burgerlikes moet van hul sinne beroof wees om misdadigers te huldig of hulle weet dat die manne geen misdadigers is nie. Ons wat die manne en die feite ken (en ook die vyand ken) het geen twyfel wat die posisie is nie. Daardie manne is geen misdadigers nie, HULLE IS REBELLE, REBELLE TEEN DIE BRITSE TROON. En wat hulle gedoen het is opstand en verzet teen die Troon en teen die sinnelose oorlog waarin Suid-Afrika deur die handlanger-regering gedompel is.

In 1914 het die regering die ordentlikheid gehad om die rebelle van hoogverraad en soortgelyke dinge aan te kla, nie van voedfistal vir elke gekommandeerde perd, van moord of aanstigting tot moord vir elke skoot of skietbevel wat gegee is nie. Maar hierdie keer het hulle anders gehandel.

'n Tipiese voorbeeld is dié van een van ons kamerade, Jannie Richter, wat tesame met sowat vyf kamerade tweemaal met geweld uit die gevangenis in Bloemfontein ontsnap het,

albei maal met lewensgevaar vanweë die gewapende wagte. Hy is verlede week aangekla en wel van tronkbraak en diefstal. Wat was die diefstal? Toe hy en sy kamerade die bewapende wag oorrumpel en ontwapen het, het hulle vanselfsprekend sy rewolwer saam met hulle uit die gevangenis geneem. Verwag die vyand dan dat na jy hom ontwapen en voor jy loop vir jou lewe moet jy hom eers sy vuurwapen terug gee om jou mee te skiet? Maar hulle het Jannie Richter aangekla van diefstal... hy wat 'n kranige jong held van hierdie volk is.

Waarom? Omdat hulle bang is vir die besieling wat van hierdie jong manne vir die toekomstige republikeinse volk sal uitgaan. Nou moet hulle ten alle koste die besieling besoodel en die stempel van „diefstal”, „roof”, „sabotage”, „aanranding” en wat dies meer sy op die heldedade druk. Want hulle het 'n koue ang vir alle Afrikanerbesieling; net die besieling van oorsee, dié wat met koninklike prag en praal en met 'n Britse slagskip hier aangewaaie kom, is vir hulle aanneemlik.

Maar hierdie manne, ons eregaste en hul kamerade wat vanaand nog agter die hoë mure sit, hierdie manne het vir die Afrikanerdom nuwe besieling gebring en ons is hulle dankbaar, het die K.G. besluit.

Immigrasie Van Kinders Misluk

Amptelike kringe meen dat die regering se skema om op groot skaal kinders uit Europa en Engeland na Suid-Afrika in te voer, in duie gestort het omdat hierdie lande te kenne gegee het dat hulle geen kinders vir emigrasie na die buitewêreld het nie. Regeringskringe in die volksraad fluisster reeds dat die regering dit moet oorveeg om kinders uit die „bevryde lande” in te voer.

Die regering het veral gehoop om baie kinders uit Engeland te kry, maar die op hande synde inligting toon dat daar baie min, indien enige, is wat toegeleat sal word om hul vaderland te verlaat.

Australië en Rhodesië het die Unie reeds voorgespring om die aantal Britse wese, sowat 5,000, in te palm. Die voorraad, so is verklaar, is nou uitgeput.

Verskeie ander lande het te kenne gegee dat hulle nie kinders het om te verloor nie. Hulle soek self arbeiders en om hul kinders te verloor, beteken 'n verlies van toekomstige arbeidskragte. Griekeland wat bereid is om kinders na Suid-Afrika te stuur, stel sodanige voorwaardes dat dit blykbaar nie deur die regering aanvaar sal word nie.

Sekere Engelssprekende lede van die volksraad het reeds verklaar dat hulle persoonlik geen rede sien waarom die regering hom nie na Oostenryk en Duitsland moet wend nie waar wel talle wese van die geskikte ouderdom is wat na Suid-Afrika gebring kan word. „Hulle is tog ook maar van Angelsaksiese bloed,” het een L.V. verklaar.

Kontroleur Wil Nie Help Nie

Hoewel die aantal oortredings van prysregulasies en swartmarkbedrywighede deur Indiër-handelaars sedert 1944 met byna vyftig persent toegeneem het, het die Kontroleur van Voedsel die versoek van die Blanke Verbruikersvereniging om die kwota handelsware aan Indiër-handelaars te verminder, geweier.

„Vermindering van die kwota handelsware aan 'n bepaalde handelaar kan alleen met die bepaalde handelaar se toestemming geskied”, het hy verklaar.

Die Blanke Verbruikersvereniging wil dat die voorrade van die wetsoortredende Indiërs verminder word, sodat genoegsame voorrade aan die blanke handelaars verskaf kan word vir verspreiding onder die publiek, veral daar die Indiërs se klandisie so afgeneem het dat hulle al selfs seep in hul vensters uitstal.

Volgens inligting wat die Minister in die volksraad verstrekt het, het die oortreding deur Indiërs van regulasies en wette ten opsigte van woekerwinste, swartmarkbedrywighede en ander beheerregulasies in verband met die koop en verkoop en opgaar van voedsel, geweldig toegeneem. Gedurende 1944 is 672 Indiërs skuldig bevind. Tydens 1945 het die getal gestyg tot 729, terwyl dit in 1946 die ongekende hoogte van 1,023 bereik het.

Spekulante en Leeglopers

(Vervolg van bladsy 1)

hulle gaan toelê op beroepe wat in hul eie vaderland verbode is. Die „Rus” Nachomawitz is deur die Smuts-bewind tot Unie-burger verhef, omdat hy hom die groot woningnood aangerek het en daarin 'n handjie wil bysit — nie as bouvakman of boukontraakteur of iets dergeliks nie, maar as „eiendomsagent” — 'n beroep wat in Rusland sedert 1917 oorbodig geword het, indien nie lewensgevaarlik nie.

Dieselfde geld vir die voormalige „Rus”, maar tans Unie-burger, Michael Bolon, wat sy beroep aangee as „spekulant” — 'n beroep wat op hierdie komblik in sy voormalige vaderland met die dood of verbanning strafbaar is. Die Smuts-bewind het hom egter so'n waardevolle bate met die oog op ons arbeidstekort bevind, dat hy hom tot burgerskap verhef het.

ORGANISEER ARBEID

Dié „Russe” wat Unie-burgers geword het, is egter nie net waaghalse wat diewette van hul eie land uittart nie, maar daar is ook wetsgehoor-

sames wat min of meer handel ooreenkomstig die hartewense van die Kremlin. Raphael Gelvan (gebore in Litouë), maar voorheen Russiese burger, gaan hom wy aan die belange van die werkers. Sy beroep is... VAK-BOND-ORGANISEERDER!

Op grond van hierdie belangrike lewenstaak het die Smuts-bewind hom toegelaat in die Unie en met Unie-burgerskap bekleed.

Hierdie gepubliseerde lys van nuwe burgers uit Europa gee enigszins 'n aanduiding van wat onder die regering se immigrasieplan verwag kan word. Wat alles uit Brittanje die land binnekom, bly in duisterheid gehul, aangesien dit enige Brit — of hy van Litouë of Pole voorheen afkomstig is — vrystaan om Suid-Afrika binne te kom en outomaties Unie-burger na twee jaar te word. En aan watter beroepe hierdie nuwe burgers behoort, kan geraai word as in gedagte gehou word dat Engeland self so'n behoefte aan eerlike werkers het dat hy selfs die gehate Duitsers op groot skaal invoer.

Landseuns Moet Kan Uit Werk Gedruk Word Ten Gunste van Immigrante

Die regering, wat dan nie kans sien om „in te meng” in vakbond-aangeleenthede wanneer dit mynwerkers betref wat opgesaai sit met 'n bestuur wat deur die meerderheid lede verwerp word nie, is in elk geval bereid om in te meng wanneer dit sy stemmee uit die buiteland betref.

Die Departement van Arbeid het 'n omsendbrief aan nywerheidsrade gestuur waarin hulle versoek word om sekere bepalinge wat Unie-burgers teen vreemdelinge se mededinging beskerm, op te hef, sodat die regering se immigrante makliker aan werk gehelp kan word.

Hierdie omsendbrief is verlede week in die parlement ter tafel gelê. Dit lui onder meer dat die Minister van Arbeid nywerheidsrade versoek om ooreenkomste ten opsigte van die geslote gelede-beginsel op te hef insover dit immigrante betref, aangesien hierdie bepaling die regering se immigrasieplan „ernstig sal benadeel”. Die Minister versoek dat nywerheidsrade enige dergelike bepaling wat in werking is of nog mag tree, moet aanvaar met 'n klousule dat „die bepalinge van hierdie artikel sal nie betrekking hê op 'n immigrant gedurende die eerste jaar van sy verblyf in die Unie nie”.

Die brief verwys verder na sekere bepalinge in sommige arbeidsooreenkomste wat verhoed dat buitelandse werkers in diens geneem mag word voordat die betrokke raad homself oortuig het dat daar geen Unie-burgers is wat die plekke kan vul nie. „Hierdie bepaling”, so lui die Minister se versoek, „was totnogtoe nie as onredelik beskou nie, aangesien dit ten doel gehad het die beskerming van plaaslike werkers, maar alle verantwoordelike ten opsigte van die toelating van immigrante tot die arbeidsmark in mededinging met Unie-burgers is nou regstreeks deur die regering aanvaar (!!) In hierdie omstandighede behoort die „vreemdeling-bepaling” geskrap te word.

Hierdie opdrag aan die nywerheidsrade kom dus daarop neer dat Unie-burgers uit hul werk gestoot moet kan word ten gunste van oorsese stemmee.

As dit nie die oogmerk is nie, is die hele opdrag oorbodig.

Tienduisend Immigrante In Halfjaar

Die syfers van die aantal immigrante wat die Unie in die afgelope jaar binnegekom het, toon by ontleding watter beleid die regering volg in verband met sy voorgestelde immigrante.

Gedurende die eerste helfte van verlede jaar het 9,647 immigrante permanent die Unie binnegekom, aldus die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H. Lawrence. Hy het ook bekendgemaak dat geen Duitsers, Hongare, Roemene en Bulgare in die Unie toegelaat word nie. Die vorige week was hy egter in staat om mee te deel dat meer as 160 Jode die Unie as permanente immigrante binnegekom het. Die Minister was nie bereid om 'n ontleding te gee vanwaar die ander immigrante kom nie.

Kwynende Geesdrif Bring Wending In Opposisie-Beleid

Politieke waarnemers het die afgelope week gepeins oor die merkwaardige omgeswaai van die H.N.P.-leiding ten opsigte van die koning se verwelkoming. Nadat die partyleiding hom aanvanklik vereenselwig het met die verwelkoming, en dr. Malan met 'n groot aantal lede van sy kerk die heil van die koning in die stadsaal gaan drink en die tuinparty bygewoon het, het hulle ewe skielik weggebly van die laaste onthaal in Kaapstad.

Op die Woensdagmiddag is die koning deur die parlementêre klub te Fernwood onthaal. Uit navraag by verantwoordelike amptenare het geblyk dat die opposisie met uitsondering van mnr. J. G. Strydom, almal daar sou wees. Dit was die vorige week. Op Woensdag was daar egter net sewe lede van die opposisie by die Fernwoodse onthaal, nl. dr. S. J. Swanepoel, mnr. Jan Wilkens, C. J. O. Wessels, T. Naudé, A. Steyn, J. H. Conradie en kol. W. A. Booysen.

TWEE REDES

Hoofsaaklik twee faktore word genoem vir hierdie houding. Eerstens het daar baie sterk kritiek in die party se eie gelede teen die amptelike houding van die partyleiding gekom. Die republikeine in die party was baie ontevrede oor die instorting van die partyleiding se republikeinse verset in die aangesig van die koning, veral na die duidelike oproep van wyke genl. Kemp om die koning te boikot.

Die tweede faktor is die Engelse se houding. Dr. Malan se vriendelike teenoor die koning was gebaseer op die veronderstelling dat hy Engelse stemme sal ingaar indien hy lojaliteit aan die Britse koning betuig en die republiek in die yskas stop. Baie gou het dit egter geblyk dat die Engelse nie so histories oor die koning is nie.

Die jongste Kruithoring laat die kat uit die sak waar hy verklaar: „Ja, daar was wel geesdrif by die skares. Maar die getalle was kleiner as wat verwag is, en vir elke twee wat gejuig het, was daar minstens vyf wat met oop mande staan en kyk het”.

MISREKEN

Waarnemers meen dat toe die H.N.P.-leiding hierdie gebrek aan geesdrif ontdek het, daar besluit is om bietjie terug te skuif van die koningsgestoelte omdat oorgeesdriftigheid vir die koning hulle sowel republikeinse stemme mag kos as stemme van Engelssprekendes wat afsydig staan van die hele gedoente, en dus net met veragting sal neerkyk op die lompe serenade aan mej. Engelssprekende. Die Kruithoring verklaar dan ook hoogs verlig: „As maarskalk Smuts reken dat hierdie koninklike besoek 'n groot en gunstige politieke

uitwerking op sy kwynende Verenigde Party gaan hê, dan maak hy 'n groot, komma, 'n geweldige, komma, flater, punt”.

Waarnemers lei hieruit af dat dr. Malan besef het dat hy met sy lojaliteitsbetuiging en versaking van republikanisme, in genl. Smuts se „komma”-flater sou deel. Vandaar die late omspringery.

Die koeël is egter oor halfpad deur die kerk, aangesien dr. Malan se amptelike stempel op die koningsbesoek reeds klaar afgedruk is, en die reëlings wat sy partylede veral in die Vrystaat vir die koningsbesoek getref het, nou maar hul gang sal moet gaan.

Die Burger, wat net so deelgeneem het as die Engelse pers aan verspreiding van koningspropaganda, gaan egter nog voort om 'n spesiale verteenwoordiger met die koning saam te stuur en daaglikse berigte te plaas.

Propaganda Bring Prinses In Verleentheid

Die Engelse perspropaganda om Afrikaners op te sweep tot koningsverheerliking is so oordrewe dat dit die koninklike gesin selfs in verleentheid bring. So is reeds 'n jaar gelede al berig hoe die prinsessies besig is om Afrikaans aan te leer. Brieue aan die pers van Afrikaners het selfs met ekstase gewag gemaak van „ons brave prinsessies” wat 'n voorbeeld aan die Engelse Suid-Afrikaners stel.

Namate die toer nader gekom het, is meer verneem van die Afrikaanse lesse, en is selfs berig dat 'n hoë amptenaar in Suid-Afrika-Huis verantwoordelik is vir die Afrikaanse lesse. Toe die tyd van vertrek begin aanbreek, is so terloops berig dat die prinsesse nogal hard moes worstel om Afrikaans te bemagtig, aangesien die taal saamgestel is uit „kaffertale, Zoeloe, Hollands en Hugenote-Frans”.

Diep onder die indruk van hierdie opofferings van die prinsesse, het 'n Paarlse dokter by geleentheid van die koninklike onthaal aldaar, een van die prinsesse in Afrikaans aangespreek. Sy het geantwoord dat tot haar spyt sy nie Afrikaans kan verstaan nie.

Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begraafverskerers

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
wekeliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV RETIEF

G. A. FICHARDT, Bpk

(Lid Afrikaanse Handelstak
MASJINERIE, YSTERWARE
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIER en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Postbus 7185) Newton

Spesiale Aanbod in

DAMESHANDSAKKE

Egte leer, met leer uitgevoer.
teen presies die prys wat u
wil betaal.

KOM SEKER NA

Steyns

DIE MODEWINKEL
PAROW

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif
na ons. Laat gekwalifiseerde
Voorskrif-Oogkundiges u be-
dien.

Wahl, Lawrence
EN KIE.

BRILMAKERS


Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

STUDEER U?

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
KAN AL U STUDIE-BOEKE
VOORSIEN!

Wetenskaplike Boeke oor die volgende
onderwerpe is nou in u EIE TAAL
beskikbaar

Wiskunde:



ANALITIESE
MEETKUNDE

VAN DIE PLAT VLAK
deur Prof. D. J. van Rooy
20/6 posvry

Physiologie:

•
MENSLIKE
PHYSIOLOGIE

deur Dr. H. E. Brink
Deel I en II — 21/- elk
posvry

Opvoedkunde:

• INLEIDING TOT DIE ALGEMENE
TEORETIESE OPVOEDKUNDE
deur Prof. dr. J. C. Coetzee 15/6 posvry

Bantutale:

• INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN
SUID-SOTHO
deur Prof. dr. B. I. C. van Eeden 12/6 posvry

Soölogie:

• DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN
deur Dr. C. Grobbelaar 13/9 posvry

Regsleer:

• INLEIDING TOT DIE ALGEMENE
REGSLEER
deur Prof. L. J. du Plessis 3/- posvry

Ekonomie:

• INLEIDING TOT DIE EKONOMIE
deur Prof. C. G. W. Schumann en Prof.
D. G. Franszen 20/6 posvry

VRA OM VOLLEDIGE LYTE

Pro Ecclesia-Boekhandel
Posbus 29 STELLENBOSCH

WOENSDAG, 5 MAART 1947

Hul Ware Doel Erken

Suid-Afrika het immigrante nodig om sy arbeidskragte met die oog op nywerheidsuitbreiding aan te vul en om die blanke bevolking se posisie te versterk. Dit is die twee redes wat die regering na vore bring om sy dulle immigrasieplan goed te praat. *Ons wil dadelik verklaar dat hoewel hierdie twee argumente op pote staan, ons nie vir een enkele oomblik bereid is om dit as die ware motiewe van die regering te aanvaar nie, en daarvoor, meen ons, het ons genoegsame grond.*

Eerstens sou die regering, indien hy waarlik begaan was oor arbeidsaanvulling, hom beywer het om die beste, beskikbare nywerheidskragte te vergader, soos alle lande doen wat werklik behoefte aan vakmanne het. *Maar dit doen die regering nie.* As naloper van Engeland by die uitbreek van die oorlog, weier hy om twee jaar na die oorlog Engeland se voorbeeld te volg in hierdie opsig. Hy is skynbaar meer vyandiggesind teen die Duitsers as wat Brittanje of Amerika is. *Albei hierdie lande gee vandag voorkeur aan Duitse vakmanne vir immigrasie.* Engeland het reeds 50,000 Duitsers uit Duitsland ingevoer, en onlangs is berig dat hy alle Duitse krygsgevangenes, van wie daar byna 'n halfmiljoen is, die keuse gelaat het om permanent in Engeland te bly wanneer hul slawe-tydperk verstreke is. Engeland se behoeftes oortref dus sy haat, en hy is bereid om sy volkskragte met Duitsers aan te vul.

OOK AMERIKA

Ook Amerika volg hierdie voorbeeld. Verlede week is uit New York in die Cape Argus berig dat Amerika voorkeur gee aan immigrante uit „Brittanje, Ierland, Duitsland en Skandinawië” — wat meer as 50 persent van die immigrasieregte het — terwyl hy Italië, Pole en die Wes-Europese lande boikot. So begerig was Amerika om Duitse tegnisi in hande te kry, dat hy spesiale afdelings in sy leer gehad het wat jag gemaak het op hulle. *Maar ons regering weier nie net om 'n enkele Duitse tegnisi na Suid-Afrika toe te laat nie — hy oorweeg dit selfs om Duitsers uit die land te skop!*

Daarom sê ons dat ons nie die storie glo dat hy immigrante wil hê vir ons nywerhede nie.

Net so min glo ons die fabel dat immigrante „goed en sleg” nodig is om die blanke beskawing te kom ondersteun. Want as ons let watter soort immigrant die regering, met sy sterk sensuur op Duitsers, wel toelaat, is dit duidelik dat hy nie handhawing van die blanke beskawing in gedagte het nie. *Hy spits hom veral toe op Engeland, en Engeland self het 'n tekort aan opgeleide arbeidskragte.* Maar Engeland het nie 'n tekort aan „armblankes” nie, soos blyk uit 'n verslag in 'n mediese tydskrif. Tien persent van die Engelse bevolking word as waardeloos en selfs as aanstootlik aangeteken. Dit is duidelik dat Suid-Afrika sy immigrante veral uit hierdie klas sal trek. Niks kan hulle keer nie, en die Britse regering sal hulle graag op ander lande wil aflaai ten einde ontslae te raak van onproduktiewe eters. Ons weet dat hierdie klas immigrant gewoonlik meer tuisvoel by die nie-blanke as die blanke deel van die bevolking. Hul sal dus eerder 'n versterking wees vir die kleurlinggemeenskap.

DIE DOEL

Wat is dan eintlik die ware doel van die regering met sy oorhaastige immigrasieplan ten spyte van voedsel- en behuisingsskrisis? Die Cape Times het verlede week die antwoord gegee. Hy verwys na die opposisie se versoek om Duitse immigrante toe te laat, en verklaar dan:

„Dr. Malan sal klaarblyklik bly wees om hulle te verwelkom. Hulle sal, so hoop hy natuurlik, in die geleedere van nasionalisme opgeneem word en hom politiek versterk. Nasionalisme se ware beswaar is duidelik gefundeerd in sy vrees dat 'n groot instroming van nuwelinge hom sal oorweldig en uiteindelik as politieke party sal vernietig.”

Die vrees-motief wat die een party hier dus so ewe rats in die skoene van die ander skuif, is sonder twyfel die hoop-motief van die ander. Dit gaan nie om arbeidskragte, ook nie om behoud van die blankedom nie. Dit gaan eenvoudig om stemme vir die een of die ander party. Duitse tegnisi sal dalk dr. Malan se party versterk, en daarom word hulle belet — al neem Amerika en Engeland hulle. Engelse leeglopers en Litouse „spekulante” daarenteen kan dien as versterking vir die regerende party, en daarom word hulle toegelaat, ju selfs ten koste van Unieburgers vertroetel, soos blyk uit die regering se versoek aan die vakbonde dat sekere bepalinge ten gunste van immigrante opgehef moet word.

So word Suid-Afrika se belange op misdadige wyse deur die partypolitiek versmous vir stemme. Solank hierdie stelsel bestaan, kan geen vraagstuk op sy meriete behandel, en dus nooit opgelos word nie.

Aftakeling Van Die Britse Ryk Afrikaners Moet Saamstaan Vir 'n Republiek

Dit is eienaardig hoe die propaganda dit regkry om van 'n Britse neerlaag 'n epos te maak. Duinkerke is vandag 'n simbool van Britse moed: 'n Wilde vlug is Britse volharding. Die rampspoedige Britse nywerheidstoestand, wat die ongunstige winterweer plotseling aan die volk openbaar het, word begroet met die woorde „tight lipped, suffering Britain”. Met die woorde word die Britte alweer aangemoedig om die lyding wat aan die kom is met stilswye te dra.

Die oorwinning wat behaal was met hulp van Amerika en Rusland, het die gebeurtenisse by Duinkerke met 'n woordevloed verdrink. Die vraag wat nou gestel moet word, is of dit die propaganda weer sal geluk om hul doel te bereik met „tight lipped suffering”. Om die vraag te beantwoord, moet die toestand in Engeland en die wêreldtoestand ondersoek word.

STEENKOOL

Steenkool bly nog altyd die nywerheid se grondslag. Die ontginning van die Engelse steenkoolmyne is verouderd, die masjinerie is afgeslyt en ouerwets. Maar Engeland moet uitvoer of sterf. Om uit te voer, moet goedere gefabriseer word — nog meer as ooit tevore. Maar om dit te kan doen, is 'n groot voorraad steenkool nodig met die versekering dat die voorsiennig van steenkool aan lopende band volgehou kan word. Met die huidige sisteem van steenkoolvoorsiennig kan die voorraad eenvoudig NIE verskaf word nie.

Die steenkoolontginning moet 'n algehele opknapping ondergaan wat baie geld sal kos, wat deur die regering verskaf moet word. Die materiaal en masjinerie nodig vir dié doel moet alles ingevoer word en daar is net Amerika wat daarvoor in aanmerking geneem kan word. Engeland kan daarvoor alleen uit die Amerikaanse lening van £937,000,000 betaal. Die lening is nou al verminder met £225,000,000 — meer as 'n

Genl. Marsh Herstel

Genl. Willie Marsh van die Paarl, wat sy skorsing aangevra het hangende 'n ondersoek na beweerde uitlatings wat in die pers berig is in verband met die koningsbesoek aldaar, is deur gebiedsgeneraal dr. F.



GENL. MARSH

D. du Toit van Zyl verlede week in kennis gestel dat hy in sy amp herstel is, na deeglike ondersoek deur 'n kommissie van hoofgeneraals. Die offisiere van die Paarl het hulle met die reëling vereenselwig.

Die kommissie het bevind dat genl. Marsh nie die woorde gebesig het wat die pers hom vir propaganda-doeleindes in die mond gelê het nie.

Deur

Oud-regter C. L. BOTHA

kwart — in die eerste negemaande; en dit meestal deur aankoop van eet- en rookware, ens.

As die regering besluit om die steenkoolindustrie te herskep, dan sal die Britse volk moet „tight lipped” wees sonder kos en tabak, veral sigarette, tensy die tempo van die opverbruik van die lening versnel word. Maar dan sal dit nie meer lank duur voordat niks daarvan oorbly nie.

DIE SKULDLAS

Finansiële is die toestand byna nog slegter. Behalwe die skuld aan Amerika is daar nog 'n £120,000,000 skuld aan Indië, £100,000,000 aan Irak en £450,000,000 aan Egipte. Hulle skuld ons ook etlike miljoene, maar dié sal genl. Smuts hulle waarskynlik skenk.

Altesame dus 'n skuld van £3,000,000,000. Hierby word natuurlik die inwendige skuld glad nie in aanmerking geneem nie. Maar die ergste van alles is dat Engeland se buitelandse bate soos sneeu op 'n somersdag versmelt het. Die laaste daarvan was die Argentynse spoorweë, maar dit is aan Argentinië verkoop in ruil vir 'n kolossale skuld; die balans van slegs £24,000,000 het Engeland ten voordele gekom.

SWAAR ARBEID

Hierdie gegewens openbaar die bankrotskap van die boedel, maar as daar weer geproduseer word en as die produksie groot genoeg is, dan kan, met „tight lipped” en „tight waisted suffering”, die toestand nog gered word. Om dit te bereik is arbeid, swaar arbeid en nogmaals arbeid nodig. En dit is juis wat die Engelse arbeider nie van plan is om te lewer nie. Hulle het hom 'n paradys beloof as hy maar net wou werk totdat die oorlog verby is. Sy paradys is om so min moontlik te werk en om te verhinder dat vreemdelinge hom die kos uit sy mond neem deur sy werk te doen. Die regering dreig om Duitse en Poolse slawe in die werk te steek. As dit gebeur, sal die Engelse arbeider ongetwyfeld nie „tight lipped” bly nie.

BRITSE VERVAL

En hoe lyk dit nou met die algemene wêreldtoestand? In Junie 1948 moet Indië uit die Britse Ryk stap. Palestina word aan die V.V.O. oorhandig en Egipte kan nie meer langer wag om die laaste Britse soldaat van Egiptiese bodem te sien gaan. Die Britse regering beweert hulle kan nie volhou om £80,000,000 te betaal vir die besetting van Duitsland nie. Rusland se propagandiste word meer en meer vyandig en venynig teen die Westerse demokrasieë, veral teen Engeland.

Die doel van hierdie artikel is nie om te juig oor die verval van Engeland nie. Daar bestaan

geen rede om te juig nie, want Engeland se verval gaan gepaard met die opkoms van Rusland. Maar ons moet die feite in die oë kyk en nie verblind word met slagkrete soos „tight lipped Britain” nie.

NUWE WERELDMAGTE

Die Britse Ryk, soos al sy voorgangers, is gebind aan die onverbidde logika. Hulle ontstaan, bloei en gaan onder. Die wêreld is besorg oor wat in die plek van die Britse Ryk sal kom. Aan die een kant het ons die ultra-liberalistiese Amerika, die moderne aanbieder van Mammon — „money talks”. Aan die ander kant staan Rusland, met sy primitief barbaarse, almagtige staat, steunende op 'n agressiewe bolsjewistiese party wat maar 'n klein minderheid in die staat uitmaak, maar wat besiel is met die fanatisme om die wêreld te bolsjewiseer.

Die botsing tussen die twee wêreldmags sal die gesig van die toekomstige wêreld beheers.

DIE REPUBLIEK

Maar wat ook al gebeur, een ding is seker. Suid-Afrika sal nie 'n deel van die Britse Ryk bly nie — as die Afrikaners net eensgesind staan vir 'n republiek. Maar dan moet die Republiek hulle erns wees.

Daarby kom nog dat die uitslag van die botsing ook die gesig van die Britse Ryk sal tref. Of die oorwinning nou by die Amerikaners of by die Bolsjewiste lê, geen van beide is tevrede met die Britse sisteem nie. Die kwasi-onafhanklike dominium-sisteem wat bestaan met die doel om Engeland hoog te hou, sal ook moet verdwyn.

Kommuniste Sal Verhoor Word

Die agt leiers van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika wat in Kaapstad verskyn het op aanklag van sedisie en oortreding van die Wet op Staatsgeheime, is ter strafsitting verwys nadat hul voorlopige verhoor verlede week afgehandel is. Die aansoek van die verdigting dat die aangeklaagdes ontslaan moet word, is van die hand gewys. Die beskuldigdes is op borgtog uitgelaat. Hulle is as volg:

W. H. Andrews, voorsitter van die Kommunistiese Party, Moses M. Kotane (naturel), algemene sekretaris van die Party, Harry Snitcher, 'n Kaapstadse advokaat, Lucas Phillips (naturel), vakbondsektaris, mev. Betty Sacks, redakteur van „The Guardian”, Fred Carneson, sekretaris van die Kaapstadse distrikskomitee van die Party, Isaac Horwitch, argitek, en dr. H. J. Simons, lektor aan die Universiteit Kaapstad.

INDIERS VERBRAND SAKKE. — Uit Potchefstroom word berig dat Indiërs sakke wat natuurlike van die boere steel, teen 3/6 koop en dit dan te verbrand. Dit word gedoen as reaksie teen die geslaagde boikot-beweging van die blankes teen die Indiërs.

Vryheidsvuur Vlam Op Dwarsdeur Suid-Afrika

Die vryheidsvuur, simbool van die onvernietigbare ideaal wat brand in die harte van die Afrikanerdom, is verlede Donderdagaand presies om 9-uur oor die lengte en breedte van Suid-Afrika aangesteek. 'n Elle-hoë vlam het op die kruin van Amajuba, eiendom van die Ossewabrandwag en monument van Afrikaneroorwinning, omhoog geflikker in teenwoordigheid van die Kommandant-generaal. Tot in die verre suide is hierdie vlam beantwoord met vryheidsvure op Leeukop — waar dit deur simpatiseerders buite die O.B.-geledere aangesteek is — op Paarlberg, Simonsberg, Blaauwberg en Tierberg.

Dit was die antwoord van die republikeinse Afrikanerdom op die „triumftog” van die Britse koning deur ons verowerde vaderland.

KAAPSTAD

Die Ossewabrandwag van die Kaapse Skiereiland het Vryheidsdag op luisterryke wyse in die Hofmeyr-saal gevier, waar die Amajuba-kantate van dr. W. Pienaar onder leiding van die Remskoene-toneelvereniging op die planke gebring is. Die opvoering was naas die toespraak van gebiedsgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl, die hoogtepunt van die feesvierings.

Die samekoms het plaasgevind onder leiding van genl. adv. J. de Vos. 'n Geesdriftige gehoor het spontaan op die bevel gereageer en het die spreker van die aand telkens luid toegejuig. Die opvoering van die kantate het groot byval gevind. Dit was duidelik dat die gehoor in 'n feesstemming sowel as 'n strydvaardige luim verkeer het. Die opgewekte musiek van die blaasorkes het die geesdrif verhoog.

Nadat die O.B.-vlag ontplooi

het, het ds. J. D. Vorster 'n paar passende verse uit Nehemia voorgelees. Sy kragtige gebed is gevolg deur 'n Psalmvers, beglei deur die blaasorkes.

Die boodskap van die K.G., dr. Hans van Rensburg, is deur genl. Gustav Retief voorgelees.

Die opvoering van die kantate wat die hele verrigtinge oorskadu het, was 'n groot sukses. Die tableau-voorstellings, passende sang en musiek, tesame met die magtige spreekkoor as vertolker van die volkswil wat antwoord op die stem van die volksleier, het die gehoor met 'n boodskap uit die verlede.

Amajuba-berg wat magtig op die verhoog getronk het, het met die effektiewe beligting 'n skouspelagtige toneel gebied. As simbool van volksoorwinning was dit vir menige aanwezige 'n besieling. Die dekor is deur mej. Annette Smith geskilder. „Piet Neulpotjie” en die lede van die toneelvereniging verdien alle lof vir die sukses wat hulle van die opvoering gemaak het.

Om presies nege-uur het generaal Van Zyl die fakkel wat deur twee lede van die Boerejeug gedra is, aangesteek. In die doodse stilte wat hierop gevolg het, is die onderlinge band van trou en kameraadskap, so eie aan die O.B., opnuut heftig gesmee.

MALMESBURY

Malmesbury het Vryheidsdag onder die pragtige akkerbome op die plaas van mnr. J. H. H. Joubert gevier. Die verrigtinge is gelei deur komdt. E. L. Steyn. Die Boerejeug het die optog na die houtstapel voorgedaan met brandende fakkel wat die hele omgewing verlig het.

IN DIE VUUR

„Republikeinse Moeder”, Robertson, skryf:

Ek is 'n Afrikaner vrou en moeder, en my bloed kook vanmiddag oor die onreg wat gedoen is.

Waarom moet onskuldige kinderhandjies 'n „Royal Visit”-medalje in 'n Afrikaans-medium skool kry?

Ek wou dit vir die kleurlingbediende gee, maar nee! 'n goeie gedagte: dit sal in die Vryheidsvuur gegooi word deur dieselfde onskuldige handjies. Dit sal nie die vuur besoedel nie, want dit sal daar smelt, onherstelbaar word.

So sal ons, ons kinders voorgaan om te staan vir Vryheid en vir Reg!


Mag ek byvoeg dat dié kind 'n lid is van die Boerejeug en die twee jongeres Boerebabas. Ons staan vas!

KAMP UITGESTEL WEENS DROOGTE

Die vroue-lacertrek wat van 11 tot 18 Maart te Kroonstad gehou sou word, is weens die droogte tot 'n latere datum uitgestel, na genl. mev. C. Meyer, Vroueleidster van die Vrystaat, meedeel.

'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van dulsende beleggers—koop Kommando-sigarette.



RONDE
Kommando
-SIGARETTE

OOK OYAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES


B.H. 2369

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.

Lo- en Fremode Kostuums - - -

VAN ZYLS

Hoofstraat - - - Paarl



Gryshare:
Antigrysh

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU. Postbus 7559, JOHANNESBURG.

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg - MAITLAND

TOT U DIENS . .

**Geldenhuis
Ingenieurswerke**

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

**WAARDE
KWALITEIT
VERSKIEDENHEID**

DAMES-
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

AMAJUBA-FEES IN TRONK

Om verskillende redes is dit die beleid van Die O.B. om geen gedigte te plaas nie. Weens die omstandighede verbonde aan onderstaande gedig, wat vyf jaar gelede in die tronk by geleentheid van Amajubadag-viering voorgedra is, maak ons 'n uitsondering.

„Gevangene No. 843” skryf in verband hiermee: „Onwillekeurig gaan my gedagtes terug na Februarie 1942, toe ons die gevangenis van Pretoria amper gevul het — 170 van ons op 27 Februarie. Ons het 'n program gereël vir Amajubadag en die saal verkry om dit in te hou. Ons het begin met Skriflesing, Josua 1, vs. 1—11 en 16 tot 18, en 'n kragtige gebed deur Oom Jaap Versluis. Daarna 'n paar toesprake en voordragte. Ons het afgesluit met Die Stem die oggend en sou die middag weer

hervat, maar, helaas, die owerheid was blykbaar bevrees dat die toesprake en optrede te veel bekeerlinge onder die bewaarders sou meebring, en het hulle ons verrigtinge stopgesit. Ons gebelgdheid het geen perke geken nie, maar . . . ons was agter tralies!

„Die ingeslote gedig wat ek geskryf en voorgedra het die dag, was opgedra aan die medegevangenes en geïnterneerdes en aan hulle wat dieselfde stryd voer”:

ONTWAKING

Geruisloos en sag het die dag weer gewyk
Vir die koms van die nag in donker gehul;
Soos 'n dief in die sel het die duister gesluip,
En eensaamheid word nou 'n eindeloosheid.
Die donker word drukkend, die sel tog so kil,
Die mure so dreigend, die lug heimlik stil.
Gedagtes in hordes deurspoek nou die hart:
Dan 'n wanhoopsgevoel, dan weer haat, nyd en smart.
'n Kreet van verset het die duister geskeur,
'n Magdom van vrae het die stilte gesteure:
Is dit dan die prys van Afrikanerskap,
Die beloning van liefde vir Volk en vir Land,
Die vrug van jou stryd vir tradisies en taal?
Of is dit net die lout'ring wat Afrikaner moet staal
Teen oormag van onreg sonder perke of paal,
Teen verknegting, verdrukking deur vreemd' heerskappy?
Is dit dan die pad na ons Volksideaal
Wat sal lei na ontwrigting van dwingelandy?
Is Afrikaner dan immer net 'n vreemde se kneg,
Wat geen seggenskap het oor sy geboortereg,
Wat verarmd moet word deur vir ander te veg,
En hoon moet verduur as hy staan vir sy reg?
Wat deur dwang en vervolging sy bloed moet vergiet,
Wyl uitbuiters, lafaards, hom oral bespied? . . .
Moet immer sy bloed dan op vreemde bodem vloei?

Aanskou tog o Heer, wat ons Volk het verduur:
Die galge van onreg op ver Slagtersnek;
Die graf langs die wapad deur grassies bedek;
Die grot waar Bezuidenhout tot die laaste toe nog
In wanhoop geveg het vir vryheid en reg!
Piet Retief en sy burgers wreedaardig vermoor,
Die laer van Bloukrans . . . net 'n nelder bloedspoor!
Die Moeders en Kinders wat onskuldig moes sterf,
Ons Vaders wat ons vakktes met bloed het gevef
Vir behoud van ons vryheid, ons heiligste reg!

Maar vergewe o Vader, menig burger se skand,
Wat verkoop het aan vyand ons dierbaarste pand
Deur verraad, wat die hart se gemeenheid vertolk,
En hom maak, 'n moordenaar, dief van ons Volk.

Is dit dan die erf'nis van ons Voorvaders Heer?
Het noodloos die Trekkers hul vryheid begeer,
U gesmeek om verlossing en leiding o Heer?

Wyl strydend' gedagtes nog so het gewoed,
Kom 'n stem uit die duister: „Wees sterk en hou moed!
Die pad van jul Vaders is deurwek met hul bloed,
Maar die einddoel is seker, jul Vader sal hoed”.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBORTE

SNYMAN. — Aan Hoofkomdt. en Veldkte. Snyman, Milnerstraat 74, Silvertown, 'n fris seun. Dank aan die goeie Gewer en Verpleegster. 5/3/1

HUWELIK

VAN ROOYEN-DANNHAUSER. — Ons, Inus en Nantie, nooi ons O.B.-vriende en Boerejeug-kamerade vriendelik uit na ons huwelik op 22 Maart 1947, om 11.30 v.m. te Newcastle, Natal. 5/3/1B

IN MEMORIAM

PRINSLOO. — 'n Ander jaar van stil verlane na ons Moeder, Machteld Gertruida Prinsloo (geb. Opperman), deur die dood van ons wegeruk op 1 Maart 1945, is verby. In die gees is sy steeds ons moeder. — Verlange kinders, Ben en Esther. 5/3/1B

DANKBETUIGING

RICHTER. — Ek wil langs hierdie weg my dank en waardering uitspreek aan alle O.B.-offisiere en -manskappe, wat, al was hul eie vryheid op die spel, my geherberg en behulpsaam was gedurende die jare wat ek vlugtende was. Ook my dank vir u aandeel in die Noodhulp. Alleenlik u kameraadskap, vriendelikhed en opoffering het dit vir my moontlik gemaak. — Met dank, Jannie Richter. 5/3/1B

AGENTSAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAP- PY BEPERK, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbaude ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/TK

BETREKKING VAKANT

STOORMAN. — Motorspaardelestoorman. Groot en vooruitstrewende onderneming. Uitstekende vooruitsigte vir regte persoon. Moet kennis he van motorpartie, reklame en inkoop. Indien moontlik gedurende Maart diens te begin. — Doen aansoek: ROELOU BARRY (EIEENS.) BPK., Robertson. 5/3/3

BETREKKING GEVRA

Jong getroude man, tans hoofklerk in uitgebreide besigheid, met grondige klerikale kennis, soek betrekking by Afrikaanse besigheid. — Doen aansoek: BETREKKING, Bus 28, Stellenbosch. 5/3/2B

Jong getroude man soek betrekking by georganiseerde Afrikaanse onderneming. Het grondige kennis van klerikale werk, koop van vrugte en kan werkmense beheer. — Skryf aan: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch. 5/3/2B

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS. — Pragtige gesonde, vars graad 1-tafelaartappels teen 20/- per 153 pd., 10/6 per 80 pd. of 4/9 per 35-pd.-sakke. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. Leë sakke terug. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 26/2/TK

AARTAPPELMOERE. — Baie goeie Arran Chief-Moere om dadelik te plant teen 22/6 vir 153 lb. Gelewer George-stasie. — J. A. MEYER, Blanco. 5/12/2B

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Bloemkool 18/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarsaad 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudstroom. 11/12/TK

LUSERSAAD. — Vars ge-oes, eerste klas gehalte, vry van dodder. Huntersrivier op tot 100 lb., 1/6 per lb., f12-10-0 per 200 lb. Provence, 1/4 per lb., f11-15-0 per 200 lb. Saadaartappels. — Skotse ingevoerde „Up-to-date”-saadaartappels, 47/6 per 110 lb. kisse. Kontant met bestelling, spoorvrag te betaal. Alle soort groente en blomsade van beste gehalte. — HEROLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, Johannesburg. 19/2/3

NEW MOON-SAAD. — Regering-ge-sertifiseerd. Onmiddellike aflewering. Beet: Detroit Dark Red 7/6; Flat Egyptian 7/6; Uie: Early Cape Flat 7/6; Australian Brown 6/6; Copper King 10/-; Silver King 12/- Tamaties: Marvel 17/6; Marglobe 32/6; Beauty 32/6. Wortels: Chantenay 8/6. Groen Hubbard Squash 11/6; New York Lettuce 17/6; Any 4/6; Kooljander 1/6; Early Fortune-Komkommer 8/6. Alles per pond. Fronkertjies, gemengde kleure, 1/3 per ons. — Skryf aan: NEW MOON SEEDS, Posbus 116, Graaff-Reinet. 5/3/4

LUSERN aangebied teen markprys. Telegrafer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — N. WIENAND, Pk. Eastpoort. 26/2/8

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waaiemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 8/-; Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudstroom.

VRUGTEBOME, Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar... die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. HERHOLDT se BOOMKWEKERY, Posbus 660, Johannesburg. AA/27-Tx

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk, elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodigdhede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai-pas-, sweis- en herstelwerk aan alle pias- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

DRAAL-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUIS SE INGENIEURSWERKE, Wynestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pylare, Vloerteis, Voortreke, Engliets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse Klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. Besonderhede. AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BLV JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wereldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heuppijn en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lier sal stuur. — Stuur 1/- vir opgelos ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

HAARKAPPERS

Vir 'n eerste klas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

KLIEREMAKERS

SWART, voorlopig hoek van Merri-man en Cookstrate, VASCO. Die Klieremakery met 'n reputasie. Hou dop vir sy nuwe adres.

Vir 'n goeie pak kiere of kostuum kom na 'n eerste klas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

Russe Maak Huis Skoon

Die verwydering van onbetroubare amptenare in die Russiese regering, het blykbaar nog nie ten einde geloop nie. Die Russiese minister van volksgesondheid, Miteref, was die afgelope week die slagoffer van Stalin se grille toe hy in die pad gestee is. Die verklaring lui dat hy van sy pos onthef is „weens sy onbekwaamheid om sy pligte te vervul”. Hy beklee hierdie pos sedert 1939 in Rusland.

'n Ander berig lui dat kolgenl. Zhdanof „op eie versoek” van sy amp as president van die Sowjet van die Unie, een van die twee huise van die Opperste Sowjet, onthef is.

LEWENSKOSTE STYG IN V.S.A. — Die lewenskoste in die V.S.A. is nou weer skerp aan die styg. Deskundiges meen dat die hoogste kerf van alle tye teen Junie bereik sal word. Die prys van voedsel styg vinnig en het met 30 pst. in die afgelope paar maande vermeerder.

TE KOOP AANGEBIED

EIENDOMME te Potchefstroom. — As u 'n mekplasië onder die permanente stroom van die Moortrivier wil koop of 'n erf op die teepad, vir my uit die dorp, of 'n gerieflike woonhuis by die skool en Universiteit, skryf dan aan: G. A. LIEBENBERG, Alabamagentskap, Pk. Noordbrug, Potchefstroom. 26/2/3

HOUT. — Eersteklas gesaagde dennenhout vir bouery. Doen aansoek: J. A. MEYER, Blanco. 19/2/4B

HONDE. — Oprekgeteelde Windhond-reuntes. Twee maande oud, uitstekende jaghonde en baie goed om spoor te vat. Prys f2-2-0 stuk. — S. J. MARAIS, Sonskyn, Bus 804, Bloemfontein. 5/3/1

MERINO- EN PERSIESKAPE, asook Boerbokke, geskik vir slagter en aanleer. — Doen aansoek: A. J. H. JACOBS, Karroo-woonstelle, Graaff-Reinet. Foon 341. 19/2/3B

SOUT. — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaaie soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Posbus No. 4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 6/11/TK

SOUT. — Aandag Boere!! Ek vra u vriendelike ondersteuning. A1 f2-19-0; No. 1 f2-14-0; Veesout No. 2 f2-9-0 per ton. As dit moontlik is, stuur leë sakke terug. 1/- afslag per sak. — MEV. F. DE BEER, Pk. Florisbad. 5/2/8B

Een eerste klas tentkar met goeie tuie, f55; Een „Canadian Wonder” drieskaar-ploeg, f15; Een Skotskar in goeie kondisie, f15; Een roomafskeier — bak kan 2 gellings neem, f7; Een vleisvaatjie, 15/-; Gelewer te Afrikaas-kop-stasie of verkrygbaar en op sig by R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

TE VERRUIL. Pragtige ruim woning op die Paarl vir 'n woning op Stellenbosch. — Doen navraag by HUIS, p/a. Posbus 28, Stellenbosch.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beremde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkooop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregtigterde Elektrisiteits aannemers. Foon 9-8433.

TUIE

TUIE van gebreide beesvel vir kar, wa of ploeg met Bokvelriempies, gewerk en Kipleervoering. Alleen die beste materiaal word gebruik. Pryse billyk. V.O.S. Kalabaskraal. Al die eerste pryse behaal op die Moorreesburg, Porterville- en Malmesbury-tentoonstellings. Skryf om besonderhede. — J. A. LOUW, Tuismaker, Philadelphia. 5/3/3B

VENNOOTSKAP

Jong getroude man, met f500 tot f700 tot beskikking, wil graag by Afrikaansersake belê as vennoot. — Doen aansoek: VENNOOT: Bus 28, Stellenbosch. 5/3/2B

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Daardie Koppigheid

„Ek Sien Lig”, Kaapstad, skryf:

Ek het myself al lankal voorgeeneem om nooit meer my stem vir 'n vreemde Britse party-stelsel by 'n verkiesing uit te bring nie. Indien dit egter moontlik is om partytwisters en volksverdelers hul onmagtigheid te laat help besef, terwyl hul halsstarrig bly om volkome volkseenheid van alle Nasionaalgesinde Afrikaners te bewerkstellig, dan sal ek my stem vir 'n volksfrontkandidaat gaan uitbring, al kom daar geen enkele so gestelde kandidaat in die parlement nie. My stem sal dan nie wees vir 'n politieke party of om vir „Jan Smuts & Co.” te laat regeer nie, maar juis teen die party-politieke stelsel. My doel sal dan wees om 'n poging aan te wend om by 'n latere verkiesing, (as volkseenheid dan gekom het), weer te stem saam met alle Nasionaalvoelendes om „Jan Smuts & Co.” uit te smyt en 'n groeps- of beroeps-vertegenwoordiging van lan's-gering of 'n beter stelsel saam met my Nasionaal-Republikeinse landgenote daar te help stel. Ons kan dan oor ons verdere gedraglyne praat en ooreenkom.

Eers moet die Partypolitieke stelsel van twis-regering lam geslaan word voor uit 'n puin van korruptsie, beswaddering en broedertwis, wat die partystelsel skep, iets beters opgebou kan word.

Laat die H.N.P.-leiers maar van die feit so gou as moontlik oortuig raak dat die 100,000 stemme van die Afrikanerparty, O.B.- en ander volksgroepe nie vir Samewerking by die H.N.P.-kiesers sal gevind word as enige een van genoemdes buite gelaat word nie. Ek is daarvan oortuig dat Volksfront-kandidate al die stemme by 'n verkiesingstembus sal ontvang, wat moeg is van broedertwis, en die stemme sal baie meer wees as die vlottende Engelse stemme waarna die H.N.P. nou so koersagtig vry.

As ek dus die Volksfront-kandidaat-idee aanvaar, dan is dit vir my 'n spyker in die doodkis slaan van broedertwis en ek voel dat ek om dié rede voortaan die H.N.P.-politiek van onversoerbare koppigheid die nekslag moet help toedien. As dus die H.N.P. voortaan in sy dwase beleid van onversoerbaarheid wil volhou, dan moet hy ongelukkig homself tevrede stel met harde roede-houe in liefde maar met bestidheid in die groot volksbelang toegedien. Mede-broer in die H.N.P., ek het dit nie teen jou as partylid nie, maar teen jou partyleiding se onversoerbaarheid en daardie stelsel wat jou partyleiers aan verknog is.

Ek is bereid om f5 te gee vir daardie Volksfront-verkiesingstryd. Sal 'n Volksfrontfonds nie in Die Vaderland, Die O.B. en ander volkseenheidspublikasies erken kan word en deur so'n Volksfront-komitee miskien buite die O.B. beheer kan word nie? Sou 'n konstitusie vir so'n organisasie nie dadelik opgetrek kan word, wat verval, sodra die H.N.P. by so'n volkseenheidsgedagte inskakel nie?

Hierdie konstruktiewe gedraglyne kan moontlik deur 'n Volksfront-kongres op Bloemfontein opgevolg word, waar ons nie wil weet wie O.B., Afri-

kanerparty, H.N.P., Nuwe Orde of Gryshemp is nie? Ons sal daar net wil hoom: „Ek is Volksfront Man!” (Verkort — Red.).

Oorlogskofte In Engeland

Die Britse regering is van voorneme om tot oorlogstydse arbeidsreelings terug te keer om die brandstofmoeilikhed op te los. Die regering sal die arbeiders, mans sowel as vroue, aanmoedig om dag- en nagskofte te werk. Dit raak sowat agttien miljoen werkers.

Naturalisasie Van Duitsers

Die Unie-regering sal weer die naturalisasie van Duitsers oorweeg, nadat die saak van diegene oor wie se lot nog nie besluit is nie, afgehandel is. Hierdie aankondiging is gedoen deur die Administrateur van Suidwes, mnr. P. I. Hoogenhoudt.

Op die oomblik word alleen Duitsers wat aktief aan die Geallieerde kant die oorlog gestaan het, of wat op aktiewe diens aan die kant van die Geallieerdes geveg het, toegelaat om Unie-burgers te word.

Onkruid Word Bate

Weelderige onkruid wat voorheen die werk van boere op hul landerye bemoeilik het, sal moontlik voortaan help om die saktekort te bowe te kom. Dit is die wiede stokroos, wat veral op die Springbokvlakte aange-tref word. Dit is nou vasgestel dat die sy-agtige ligbruin vesel wat van die plant afkomstig is, geskik is vir die maak van sakke en selfs beter resultate as going lower. Sak-fabrikante bied boere reeds f60 per ton stokrose aan. Beampies van die Departement van Handel en Nywerheid het die boere van Nylostroom genader om op groot skaal van hierdie stokrose te saai.

SOEKENDES IN DIE WOESTYN. — Die grootste burgerlike ekspedisie wat die Verenigde State nog ooit uitge-stuur het, sal vroeg aanstaande Julie in Suid-Afrika land wanneer wetenskaplikes van feitlik alle terreine, in samewerking met wetenskaplikes van Suid-Afrika, navorsing sal begin doen oor die oorsprong van die mens. Hulle gaan ook 'n studie maak van die mees primitiewe menseras ter wereld — die Boesmans.

W. VOIGT (Edms.) Bpk. Fabrikante van Kelder- en Besproeiingsmasjinerie Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

O.B. Weier Hulde Aan Sy Veroweraar

„Ons is hier om aan die wêreld daar buite te laat weet dat ons wat staan in die Ossewabrandwag vir ons eie selfrespek op Vryheidsdag kom om te demonstreer dat ons nie genoeg daarmee neem om die Britse koning as simbool van die Britse kroon hier welkom te heet nie. Dit is nie ons koning, koningin en prinsesse waaroor daar so'n ophef gemaak word nie. Die Ossewabrandwag is bereid om die koning in die aangesig te kyk en die dade van onreg wat in sy naam teenoor ons volk gepleeg is, aan hom te vertel”.

Hierdie duidelike houding van die Ossewabrandwag ten opsigte van die Britse koning as simbool van die Britse oorheersing is verlede week tydens die viering van Vryheidsdag deur die Skiereilandse O.B.-kommando's deur gebiedsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, in die Hofmeyersaal, Kaapstad, uitgespreek. Dr. Van Zyl het verwys na die lawaai wat daar ter ere van die koning van Brittanje gemaak word. Hy is telkens luid toegejuig.

Die kontras tussen die getrouheid en kameraadskap van die volk van 1881 en die troueloosheid van die volk van 1947 is op treffende wyse deur genl. Van Zyl gestel.

Amajuba staan met goue letters in ons volksgeskiedenis geteken. Dit is 'n dag enig van sy soort. Die vernedering van die volk is daar gewreek. Die volk het weer die reg op nasieskap gesmaak, en sy vryheid en Republiek daar teruggewin. Dit was 'n wapendaad wat in kameraadskap en onderlinge trou gedoen is. Dit styg soos 'n rookkolom ten hemel.

ONTROU

Die jaar 1947 is een van ontrou en teenspoed. In ons land sien ons tans demonstrasies, groter as wat 'n vreemde koning ooit gehad het. Dit is nie alleen hulde van hulle wat dit weens geboorte hul plig ag om die koning te eer nie, maar ook diegene wie se voorvaders op Amajuba geveg het, neem deel aan daardie demonstrasies. Dit alles is demonstrasies ter ere van die duidelikste simbool in wie se naam ons vryheid en Republiek ons ontnem is. In sy naam is ook probeer om ons volk sy nasieskap te ontnem. Hierdie demonstreerders probeer van ons volk 'n volk van kruipers maak. Hulle is soos 'n hond wat deur sy baas geskop is, maar wat maar telkens weer nader kruip om weer geskop te word, het dr. Van Zyl verklaar.

ONS WEIER

Ons in die Ossewabrandwag weier om aan daardie huldebetoning deel te neem. Ter wille van ons eie selfrespek sê ons aan die wêreld dat hy nie ons koning is nie en dat ons nie genoeg daarmee neem om hom te ontvang en voor hom te buig nie. Ons wil toon dat ons anders dink en wil.

Dr. Van Zyl het verwys na die geval van genl. Willie Marsh in die Paarl, waar hom woorde in die mond geleë is wat hy nooit gesê het nie. „Dit was 'n onjuistheid wat verkondig is in 'n poging om te toon dat die Ossewabrandwag ook meedoen aan die imperialistiese verheerliking en om van ons ook kruipers te maak. Daar steek geen waarde in nie”. Die Engelse pers skroom nie om hul koning vir propaganda-doeleindes te misbruik nie. Die Ossewabrandwag is bly dat dit nie die hele volk is wat hulde bring aan die koning nie, het spr. gesê.

„Ons het geen genoeg die koning as simbool van die Britse kroon te ontvang nie. Ons



Dr. D. F. du T. van Zyl

is bereid om die koning in die aangesig te kyk en die dade van onreg wat in sy naam teenoor ons volk gepleeg is, aan hom te vertel. Ons staan weer aan die voet van Amajuba om ons te verset en te veg vir ons vryheid,” het genl. Van Zyl, onder toejuiging verklaar.

KELKIES KLINK

Ons moet ons skaam vir ander Republikeine wat kelties ter ere van die koning klink en by sy dis aansit. Ons wil hulle wat kelties met die koning geklink het en die wêreld aandagtig maak aan die dade wat reeds meer as 'n eeu en 'n half lank in die naam van die Britse koning teenoor ons gepleeg is.

Genl. Van Zyl het die lang reeks van onregte, beginnende met Slagtersnek, die Groot Trek, Jameson-inval, Eerste Vryheidsoorlog, ens., opgenoem. Dit het alles geskied onder die handtekening van die Britse koning.

Die dood van Jopie Fourie, wat doodgeskiet is onder die handtekening van George V, is nog vars in ons geheue. Sedert 1939 tot vandag is duisende Afrikaners in naam van die huidige Britse koning, George VI, deur die tronke gesleep, terwyl daar vandag nog 'n aantal Afrikaners in sy naam in die tronk lê. Dit is nodig dat die wêreld hierdie feite weet.

„Ons kan alleen maar wens en bid dat teen die tyd dat sy wat tans ook in ons land is, prinses Elizabeth, die troon bestyg, met die Afrikanervolk ook sal gebeur het wat onlangs in Egipte gebeur het, wat besig is om in Palestina te gebeur en wat aanstaande jaar 'n volledige feit in Indië sal wees. Mag dit nie vir ons nodig wees om te praat van koningin Elizabeth van Suid-Afrika nie”, het spr. onder oorweldigende toejuiging verklaar.

Steenkool Uit Dankbaarheid

Van die kant van Empire-bewonderaars word daar tans 'n veldtog geloods om een miljoen ton steenkool aan Engeland as 'n geskenk aan te bied. Dit moet dien as 'lafenis vir die steenkool-tekort in Engeland waaronder die Britse bevolking tans gebuk gaan.

Offisiere van Oos-Kaapland Strydvaardig

Genl. P. J. Botha, gebiedsleier in Oos-Kaapland, vergesel van hoofkomdt. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van Kaapland, en hoofkomdt. Taljaard, stafhoof van die Boerejeug, het gedurende 5 tot 14 Februarie al die offisiere van die gebied op sentrale plekke saamgetrek ten einde aangeleenthede rakende organisasie en voorligting met hulle te bespreek.

Die gebied word tans geteister deur 'n skrikwekkende droogte. Op sommige plekke het dit ses jaar laas goed gereën — op meeste plekke duur die droogte al drie jaar. Ten spyte van die droogte het die offisiere opgedaag en is generaalrade gehou op Graaff-Reinet, Steynsburg, Lady Grey, Adelaide, Kirkwood, Port Elizabeth en Humansdorp. Die offisiere is vol moed vir die toekoms. Die algemene gevoel onder offisiere is dat hulle die stryd wat die O.B. begin het gaan deurveg totdat die oorwinning behaal is.



Genl. P. J. Botha

Hoofkomdt. Laubscher het die heersende politieke toestand in ons land met die offisiere bespreek en gewys op die taak wat die O.B. verrig het en die beslissende rol wat die O.B. te speel het in die bepaling van ons volk se toekoms.

Gebiedsgeneraal Botha het die offisiere gewaarsku dat vernynige en kwaadwillige aanvalle op die O.B. gedoen sal word van nou af aan tot en met die aanstaande verkiesing. Offisiere en brandwagte moet nie hierdeur afgeskrik word nie, maar trou staan by hul leier, hul Beweging en hul ideale, en die O.B. sal hierdie aanvalle met sukses afweer.

Hoofkomdt. Taljaard het die doel en werksaamhede van die Boerejeug uiteengesit en die volwasse O.B.-offisiere aangemoedig om simpatiek te staan teenoor die jeug en behulpzaam te wees met die opbou van eenhede in hul kommando's.

Groot Prysdaling van Motors in V.S.A.

Die pryse van tweedehandse motors het in die afgelope tyd skielik in Amerika gedaal en diegene wat hulle op dié handel toegelê het, het 'n lelike knou gekry. Pryse is soveel as 40 persent laer as 'n paar weke gelede. Dit is te danke aan die feit dat nuwe motors vinniger op die mark kom as wat verwag is.

In Chicago word Cadillac-motors van die 1941-model, wat voorheen vir sowat £540 verkoop is, tans teen sowat £420 van die hand gesit. In Los Angeles het 'n firma wat hom daarop beroem dat hy die grootste firma ter wêreld is wat besigheid met tweedehandse motors doen, sy verkoopspryse met £40 tot £100 per motor verminder.

In Cleveland het die pryse met 20 persent per motor gedaal. Modelle van 1942 word as „wit olifante” bestempel.

Hoewel die pryse van 1947-modelle hoër is as voor-oorlogse pryse, sal dit die handel in tweedehandse motors in die komende maande uitdruk weens die voorneme van Ford en General Motors om die pryse van nuwe motors te verlaag. Ford het aangekondig dat die produksie van 1948-modelle die grootste verandering teweeg sal bring sedert die eerste modelle twintig jaar gelede vervaardig is.

Amerika Wil Eilande Koop

'n Voorstel is in die Amerikaanse huis van verteenwoordigers ingedien waarin versoek word dat Amerika onderhandel om die eilande in die Stille en Atlantiese Oseaan en die Karibiese See van hul eienaars te koop. Die voorsteller het gesê dat Amerika tog geld sal uitleen wat nooit terugbetaal sal word nie. Hy kan dus maar liever grondgebied koop met die geld.

Hy het ook voorgestel dat Ysland uitgenooi word om 'n staat van die V.S.A. te word. Dit is nodig vir Amerika se veiligheid. Hierdie voorstel het sterk kritiek in Ysland uitgelok, waar dit as belaglik bestempel is.

Handel Met Duitsland

Sedert gister word alle Britse firmas toegelaat om met Duitse firmas handel te dryf. Soortgelyke toestemming sal aan die V.S.A. verleen word. Voorlopig sal die invoer in die Amerikaanse en Britse gebiede slegs geskied op grondslag van die regeringsrekening. Die noodsaaklikste artikels sal eerste na Duitsland geneem word. Die handel het geen betrekking op die Franse en Russiese gebiede nie.

Geallieerdes Skrik Vir Geheime Nazi-Organisasie

Die Geallieerde besetters van Duitsland is llik die skrik op die lyf geja met die ontdekking van 'n geheime Nazi-organisasie wat onder hul neus ontstaan het en reeds in al die besettingsgebiede georganiseer is.

Die doelstellings van die organisasie sou wees om Europa teen Rusland te lei. Hulle het gedreig om 'n vernietigende wapen — moontlik 'n vorm van bakteriologiese oorlogvoering — teen die besetters te gebruik indien hulle nie ophou om Duitse fabriek vir herstelbetaling af te takel en Duitse steenkool uit te voer nie. Hulle eis ook dat Duitse soldate dadelik uit die kampe losgelaat word.

Duisende Britse en Amerikaanse offisiere van die geheime diens is die taak opgedra om lede en leiers van die nuwe beweging op te spoor.

Europese korrespondente het verklaar dat die berig fantasies mag klink, maar dat dit in die lig van die onthullings by Neurenberg, glad nie fantasies is nie. Gemeen word dat die organisasie reeds in die lewe geroep is voor die dood van Hitler. Die organisasie het ook verbindings met die Duitse soldate in die konsentrasiekampe.

Die mening word uitgespreek dat bakteriologiese wapens reeds 'n voldoende feit is, b.v. in Amerika, en dat geen groot fabriek daarvoor nodig is nie. Dit is dus nie onmoontlik dat die Duitsers oor hierdie wapen kan beskik nie.

Von Papen Kry Agt Jaar

Frans von Papen, diplomaat in diens van die Duitse Ryk, wat deur die Neurenbergse „hof” vrygespreek is, is deur 'n suiweringshof tot 8 jaar aanhouding in 'n arbeidskamp veroordeel. Hy mag vir die volgende vyftien jaar geen openbare betrekking beklee nie, en is ook van al sy besittings beroof. Von Papen is tans 67 jaar oud en word al sewentien maande lank aangehou.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.


GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besook ons of skryf om Besonderhede.

Wat Het Agter Skerms Plaasgevind?

Die onderhandelings van die Verenigde Mynwerkerskomitee verlede week in Kaapstad met die oog op 'n oplossing van die Randse staking, het in 'n groot vraagteken geëindig nadat dr. Steyn na Johannesburg gevlieg het om 'n onderhoud met die Kamer van Mynwese te hê. Dr. Steyn het die mislukking wou toedig aan 'n verklaring van mnr. D. E. Ellis, sekretaris van die komitee, maar dit is duidelik dat die knoop reeds ontstaan het tydens die samesprekings in Kaapstad, toe geen antwoord van die Mynkamer verkry kon word nie.



Dr. C. F. Steyn
Senuweeagtig . . .

Dr. Steyn het 'n voorlopige ooreenkoms bereik met die vyf afgevaardigdes van die mynwerkers, maar oor een punt, nl. die herstel van die stakers in hul werk deur die mynbase, moes bekragtiging van die Mynkamer verkry word. 'n Telegram is aan hulle gestuur, maar die antwoord het uitgebly. Dit sou uiteindelik om 3-uur beskikbaar wees, het die Minister se versekering gelui. Om 3-uur het hy hulle meegedeel dat dit om kwart-voor-vier sou aankom, en om kwart-voor-vier het hy hulle versoek om te wag tot 5-uur. Die volgende oggend was die antwoord nog nie daar nie, en het dr. Steyn die telegramme self per vliegtuig opgevolg.

SENUWEEAGTIG

Intussen was dit duidelik dat min. Steyn 'n inwendige stryd ondergaan het in sy kantoor regoor die parlement in die Marksgebou.

Nadat hy sy privaat-sekretaris Roux aan die hardloop gesit het met boodskappe en ander werk, het die Minister die hyserbestuurder van die gebou beveel om hom van die vyfde verdieping na die eerste te neem. Hy het net 'n draai daar gemaak, die hyser bygeleed, en die hyserman beskuldig dat hy hom op die verkeerde verdieping afgelaai het (wat nie die geval was nie). Vanaf die grondverdieping het hy die trappe na buite afgestorm in die rigting van die parlamentsgebou. Hy het drie, vier keer vasgesteek, gemik om om te draai en na een van die geparkeerde motors gestap. Asof hy van besluit verander het, het hy skielik na die hekke van die parlementêre terrein gestap, in die hek bly steek, sy blou hoed van sy kop gelig en aangestryk na die ingang van die volksraad.

Voordat hy halfpad was, het hy vasgesteek, 'n paar blare van die groen heining afgepluk en besluit om weer om te draai na sy kantoor in die Marksgebou.

GESKOK

Toe die afgevaardigdes om kwart-oor-twee die middag by die volksraad aankom waar hulle die finale antwoord sou

ontvang, moes hulle uitvind dat die Kamer van Mynwese nog nie geantwoord het nie. Op versoek van die Minister het hulle op die openbare galery, waarheen die Minister hulle vergesel het, plekke ingeneem.

Hulle het 'n rukkies na die geredekawel in die volksraad geluister, maar onder die indruk van die klug wat daarvoor hulle afgespeel word, waar te midde van tussenwerpsels, telkens 'n skaterlag opgestyg het, het hulle gemaak dat hulle wegkom en met duidelike tekens van ontevredenheid oor die ligsinnigheid van die raad wat nie die erns van hulle saak besef nie, in die portaal bokant

die wandelgang van die parlement heen en weer gekuier. Hulle kon nie help om van harde woorde ontslae te raak nie. Hul ontevredenheid het ten top punt gestyg toe die Minister hulle op twee agtereenvolgende kere dieselfde middag met tussenpose van 'n uur meedeel dat hy nog niks aan hulle kan sê nie.

STEYN SWYG

Die Minister van Arbeid het in sy latere verduidelikings deeglik gesorg dat hy geen verklaring gedoen het oor hoe ver hy gevorder het om die mynbase te beweeg om die stakers tegemoet te kom nie. Daar kan alleen maar gegis word dat minister Steyn nie daarin kon slaag om die mynbase tot instemming te bring nie. Van daar die manewer om die blaam van die mislukking op die skouers van 'n individuele staker te lê.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

Meer Fondse Vir Stakers Gevra

'n Oproep om fondse in te samel vir die onderhoud van die stakers en hul gesinne, nadat die jongste poging om die staking te beëindig, misluk het, word deur prof. J. C. van Rooy namens die verteenwoordigende volkskomitee gedoen. Die komitee het hom in die afgelope tyd ingespan om soveel geld as moontlik vir dié doel in te samel.

Die verklaring lui dat die komitee diep geskok is oor die feit dat die oplossing wat so naby was, skynbaar verniet misluk het. „In hierdie omstandighede waar die stakende mynwerkers opnuut 'n bittere teleurstelling moet ly, is dit ons almal se plig om met verdubbelde ywer voort te gaan met die versorging van diegene wat noodlydendes geword het”.

Pretoria en Johannesburg het reeds £3,000 en £1,000 onderskeidelik gestort. „Deur plaaslike stakers-hulpfondsdae te organiseer en op ander praktiese wyse hulp te bied, kan die hele Unie toesien dat in ons volksgenote se behoeftes voorsien word”, aldus die oproep.

Krygswet In Palestina

Krygswet is Sondag deur die Britse leër in Palestina afgekondig na 'n hernude aanslag van die Joodse terroriste waarin 23 mense die lewe verloor het en talle beseer is, berig Sapa-Reuter. Die stad Tel-Aviv is heftig afgesny van die res van die land.

Geldelike Warboel Van Departement

Betalingsposte waarvoor geen verantwoording gedoen kon word, kom voor in die oorlogskoste-rekening wat verlede week in die volksraad ter tafel gelê is. Die Kontroleur en Ouditeur-generaal verwys na talle boekhoufoute, verwarring, onvoldoende toesig, ens., wat in die opgawes voorkom.

Die Kontroleur en Ouditeur-generaal meld voorts dat vir 'n totale bedrag van meer as een en 'n half miljoen pond ongestaafde uitbetalings gemaak is.

Verliese weens diefstal en bedrog deur amptenare beloop meer as £5,000 vir die afgelope boekjaar.

BEHEER OOR TEE OPGEHEF. — Prysbeheer oor die binnelandse distribusie van tee is deur die Direktoraat van Voedsel opgehef. Alle voorrade tee wat in die besit van die owerheid is, sal aan geregistreerde handelaars gelever word.

(Vervolg van vorige kol.)
nou £7-10-0 wees. Posgeld is verminder na 1½d. vir die eerste ons (vanaf 1 Mei), en petrol sal vanaf 'n onbepaalde datum met 3d. per rëgeling verminder word. Die belasting op transaksies met vaste eiendom, wat ingevoer was om spekulasie teen te werk, is ook opgehef. Min. Hofmeyr verwag 'n oorskot van £6,350,000 vir die lopende diensjaar, terwyl sy begroting vir die volgende jaar voorsiening maak vir 'n uitgawe van £114,400,000, wat £8,344,000 minder is as verlede jaar se begroting.

NET RYKES

Selfs die Engelse pers erken dat min. Hofmeyr 'n „rykmansbegroting” ingedien het, aangesien dit net die ryk maatskappye en die weelde-verbruikers is wat daardeur bevoordeel word. Die middelklas wat die moeilikste kry om deur te wurg, het slegs 'n paar honderdduisend pond aan onregstreekse belastingdruk vrygespring. Die feit dat die oorwinstbelasting afgeskaf is, gaan hierdie middelklas nog verder tref, deurdat meeste maatskappye en werkgewers verkies het om 'n groot deel van hul oorwinst in die vorm van bonusse aan hul werknemers uit te betaal ten einde die belastingkerf so laag moontlik te hou. Hierdie ekstra inkomste sal nou ook vir hulle verdwyn.

As 'n party wat die kapitalistiese elemente van die buiteland en die Unie verteenwoordig, kon natuurlik niks anders van die regering verwag word nie. Daarom konstateer ons maar net die feite.

Dra By Tot Verval



Engeland word nog steeds deur bittere koue geteister te midde van sy grootste steenkooltekort. 'n Amerikaanse leërhoof het verlede week reeds met verwysing na Engeland se verval gesê dat daar nou net twee moondhede in die wêreld oorbly: Amerika en Rusland.

Baie Nodig, Dog „Nee Dankie”

Die dwaasheid van die regering se immigrasiëplan word sterk belig deur sy weiering om 'n enkele Duitse tegnikus die land in te laat.

'n Vooraanstaande persoon het die Minister van Arbeid verlede week in verband met die toelating van 'n uitstekende Duitse ingenieur genader.

„Het u ingenieurs nodig?” het hy gevra.

„Net soveel as wat jy kan bring”, was die Minister se antwoord.

Toe hy egter verneem dat hierdie skitterende tegnikus 'n Duitser is, het die Minister kortaf geantwoord dat hier geen plek vir Duitsers in die land is nie.

Amerika stuur spesiale sendings na Duitsland om Duitse tegnici te versamel, en Duitse immigrante is derde op sy voorkeurlys.

Hofmeyr Bevoordeel Net Die Rykes Afslag op Weeldebelasting

Min. J. H. Hofmeyr het verlede Vrydag sy begroting ingedien. Daarin word voorsiening gemaak vir vermindering van belasting ten bedrae van £15,835,000, waarvan ruim £14,000,000 aan die rykes geskenk word teenoor die skamele bedrag van £410,000 aan die gewone inkomstebelasting-betaler. Verdere verligtings is ten opsigte van posgeld en onregstreekse belasting soos aksyns op suiker, invoerrege op petrol en 'n aantal WEELDE-artikels soos mode-artikels, juweliersware, grammofoons, musiekinstrumente, ens.

Die belasting op oorwinsten en die spesiale belasting op bedryfswinsten word opgehef — 'n prysgawe aan inkomste van £11,200,000. Die belasting van die goudmyne is verminder met £2,610,000, en van die diamantmyne met £410,000.

Hierteenoor is aan individuele inkomstebelastingbetalers 'n vermindering van slegs £410,000 toegestaan by wyse van 'n verhoogde korting vir kinders. Waar die korting voorheen £5 per kind was, sal dit (Vervolg op volg. kol.)